Graad 2

AFRIKAANS

Eerste Addisionele Taal

Boek 2

Kwartaal 3 en 4

a b c d e f g

Hierdie boek behoort aan:

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 1 2012/10/01 11:04 AM

1 Dink oor dinge

Ons praat

Kyk na die prentjie en vra jou maat.

Waar is die kinders?
Waaraan dink elke kind?
Waaraan dink Ken nou?
Waaraan dink jy nou?



Ons lees

Ons is terug by die skool.
Nomsa dink aan die plaas.
Ken dink aan spitwerk op die plaas.
Pam dink aan haar nuwe pop. Sy het 'n nuwe pop vir haar verjaarsdag gekry.
Waaraan dink Ken?

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 2 2012/10/01 11:04 AM

Woordkis | koop | wees | deur

Ons skryf

Kyk na die prentjie. Maak 'n regmerkie ✓

by die sinne wat reg is en 'n kruisie ✗ by die sinne wat verkeerd is.

Ken het 'n groen sak.	✓	✗
Nomsa het 'n pienk romp.	✓	✗
Die onderwyser het 'n blou bloes aan.	✓	✗
Nomsa het plaas toe gegaan.	✓	✗
Nomsa sit by Jabu.	✓	✗
Pam het 'n nuwe pop.	✓	✗



Ons doen

Teken 'n prentjie in die praatborrel om te wys waaraan Jabu dink. Sê vir jou maat wat jy in Jabu se praatborrel geteken het. Skryf nou 'n sin daaroor.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 3 2012/10/01 11:04 AM

2 Dinkwerk

Ons doen Teken nou 'n prentjie in hierdie praatborrel om te wys waaraan jy dink.
Sê vir jou maat wat jy in jou praatborrel geteken het.



Ons skryf Skryf nou drie sinne oor die prentjie wat jy in jou praatborrel geteken het.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 4 2012/10/01 11:04 AM

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

Kies dan vyf woorde om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

gat	kat
vat	mat
lat	rat

pen	hen
lem	grens
tent	wens

Ons doen

Soek die regte plakker vir elkeen van hierdie woorde.
Sê die woord en luister na die klank. Plak die plakker onder die regte letter. Skryf die woord in die spasie onder die plakker.

kat pop man stop pan pot mat hond hen pen bus bed hut tent mus skip rits vis sing

A	E	I	O	U
kat				

Ons skryf

Omkring die woord in elke ry wat anders klink as die woord in die eerste raampie.

1	kat	mat	gat	rat	dis
2	stop	fop	is	pop	dop
3	wit	sat	sit	dit	lit
4	pen	wen	son	hen	ken

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 5 2012/10/01 11:04 AM

3 Ons gaan biblioteek toe

Ons praat Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.

Ons skryf Lees die storie. Wie wil hierdie boeke lees? Vul hulle name in.



FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 6 2012/10/01 11:04 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woord wat by die prentjie pas.

kalender

plakkaat

rak



boek

boekomslag

onderwyser

Woordkis

roep

kom

kan

Ons lees

Die kinders is by die biblioteek. Hulle kyk na die boeke.
Hul onderwyser vertel dan vir hulle 'n storie.
Hulle wil almal 'n boek hê om te lees.
Tim wil 'n boek oor hengel hê.
Jan wil 'n boek oor sokker hê. Hy hou daarvan om sokker te speel.
Anita soek na 'n storieboek. Sy wil graag oor die drie varkies lees.
Nomsa soek na 'n boek oor tennis.
Jabu wil 'n boek oor paddas lees.

Ons skryf

Skryf 'n sin oor 'n boek wat jy gelees het.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 7 2012/10/01 11:04 AM

4 Ons hou van lees

Loop en praat

Vra vyf maats uit oor die boeke waarvan hulle hou.
Vra: Van watter boeke hou julle?
As hulle van 'n boek hou, kleur een sirkel bo die boek in.

Ons praat

Van watter boek het jou maats die meeste gehou?

Van watter boek het jou maats die minste gehou?

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke

blom	blou	bloei	glip	glimlag
gloei	flikker	flou	flits	slaap
slaan	sleep	pluim	plooi	pluk

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 8 2012/10/01 11:04 AM

Ons doen

Klap hierdie woorde.

visvang	swemles	sokker
vis vang		

eetbaar	tennis	drinkwater

Ons skryf

Voeg die letters saam om woorde te maak.

kl + ap	klap	
kl + as	klas	
kl + aar	klaar	
bl + ou		
bl + eek		
bl + aar		
fl + ou		
fl + as		
fl + es		
pl + aas		
pl + as		
pl + us		

Ons skryf

Vul hierdie kaartjie in om by die biblioteek aan te sluit.

NEWTOWN-BIBLIOTEEK	
Naam:	
Ouderdom:	
Skool:	
Graad:	
My gunstelingboek:	

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 9 2012/10/01 11:04 AM

5 Ons gaan visvang

Ons lees

Ons het op 'n uitstappie dam toe gegaan.
Ons het ons visstokke saamgeneem om vis te vang.
Tim het 'n klein vissie gevang. Anita het met 'n padda gespeel.
Dit was 'n klein groen paddatjie, maar dit het weggespring. Ken het 'n vis gevang, maar dit het uit sy hande uitgeglip. Nomsa het 'n groot vis gevang. Dit was te klein om te eet.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 10 2012/10/01 11:04 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woord wat by die prentjie pas.

vishoek

vislyn

visstok

katrol

net

visvang

vis

sonhoed

Woordkis

dra

skoon

koud

Ons skryf Beantwoord die vrae.

Waar is die kinders?

Hulle is _____.

Wie het 'n groot vis gevang?

_____ het 'n groot vis gevang.

Waarmee het Anita gespeel?

Sy het met 'n _____ gespeel.

Wie het 'n klein vissie gevang?

_____ het 'n klein vissie gevang.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 11 2012/10/01 11:04 AM

6 Ek wens ek het 'n vis gehad.

Ons doen

Kleur hierdie vis in. Gebruik die nommers om jou te help.
Sê vir jou maat watter kleure jy gaan gebruik.



Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.
Kies dan vyf woorde om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

slaap	slaan	blink	bleek	lamp
lat	kring	kroon	draf	dra

Ons skryf

Sê hoe die volgende lyk. Gebruik hierdie woorde om jou te help.

rooi | groen | groot | lang | klein

'n _____ vissie.

'n _____ bal.



'n _____ nar.



'n _____ appel.

'n _____ padda.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 12 2012/10/01 11:04 AM

Ons skryf

Nommer hierdie prentjies in die regte volgorde.
Skryf nou een sin oor elke prentjie.

1

2

3

Vir die pret

Wat het hulle gevang?
Trek die lyn na om uit te vind wat dit is. Sê dan:



FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 13 2012/10/01 11:04 AM

7 Twintig klein paddatjies

Let's sing Twintig paddatjies het gaan leer.

Twintig paddatjies het gaan leer
Onder by die rivier wat vinnig spoel.
Niks kon hierdie groen paddas keer
Elke dag was hulle onder by die poel.

Ons moet vandag betyds daar wees!
Ons leer eers, dan kan ons speel,
Want by paddaskool is leer 'n fees –
Ons hou graag by hierdie goue reël.

Meneer Brulpadda, streng maar puik,
Roep die klassies nader om te leer
Hoe om te spring, te hop en te duik.
Later is almal se arms en bene seer!

Hy wys hulle hoe om te duik in 'n sloot
En te keer dat stoute seuns hulle vang.
Twintig paddatjies word slim en mooi groot.
En sommer gou is hulle vir niemand bang.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 14 2012/10/01 11:04 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woorde wat by die prentjie pas.



voël

Woordkis

kom

kan

knip



eend

swempote

paddavissie

padda



poel

Hulle is nou groot brulpaddas en baie geleerd
Soos elke klein paddatjie eendag moet wees.
Nou sit hulle by die poel, vernaam en geëerd,
En leer ander klein paddatjies spring en lees.

George Cooper (aangepas)

Ons doen

Lees die gedig hardop aan jou maats voor.
Spring dan soos 'n padda.
Kwaak dan soos 'n padda.
Wys aan die einde jou maats hoe paddas swem.

Ons skryf

Voeg hierdie woorddele saam om woorde te maak.
Lees die woorde hardop.

gr	as	gras
	oen	groen
	oet	groet

dr	uip	
	up	
	aak	

kr	as	
	uip	
	yt	

pr	aat	
	ys	
	et	

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 15 2012/10/01 11:04 AM

8 Kontroleer net gou

Ons doen Omkring die regte woord.

							
padda	paddas	eend	eende	appel	appels	voet	voete
sokkie	sokkies	lekker	lekkers	kat	katte	wortel	wortels

Werk met woorde Lees die woorde en luister na die klanke. Hoor hoe die woorde in die blou kolomme dieselfde klink as die woorde in die groen kolomme maar anders gespel word en ook iets anders beteken. Kies dan vyf woorde om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

vlei	vly		hys	huis	
fyl	vuil		leuen	leun	
rys	reis		lui	ly	

Ons skryf Vul die regte voornaamwoorde in. Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.

Hy | Sy | Dit | Hulle

_____ gaan skool toe.

_____ is 'n kat.

_____ is gelukkig.



_____ hou van dans.

_____ hou van visvang.

_____ is my maat..

_____ is 'n padda.

_____ is 'n fiets.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 16 2012/10/01 11:05 AM

Kyk nou na hierdie prentjie en skryf sinne wat met hierdie woorde begin.

Ons skryf

Hy

Sy

Dit

Hulle

Loop en praat

Vra hierdie vrae aan jou maats. Maak 'n regmerkie ✓ in 'n blokkie as hulle ja antwoord.

	1	2	3	4	5
Het jy al ooit gaan visvang?					
Het jy al ooit 'n padda gesien?					
Het jy al ooit 'n padda vasgehou?					
Het jy al ooit aan 'n vis geraak?					

Ons doen

Vul hierdie byskrifte in die raampies in.
Trek dan 'n streep na die korrekte deel van die padda.

voorbene | agterbene | bek | tong | swempote | oë



FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 17 2012/10/01 11:05 AM

9 Die storie van die lelike eendjie



Ons lees Maak hierdie uitknipboekie sodat jy kan aanhou om die storie oor die lelike eendjie te lees.



Ons skryf Lees die storie van die lelike eendjie. Skryf dan vyf sinne om die storie te vertel.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 18 2012/10/01 11:05 AM

Die lelike eendjie

Toe swem daar 'n paar swane verby.

Hulle roep die lelike eendjie om saam met hulle te swem. Die lelike eendjie spring in die water. Hy voel sommer baie gelukkig.

Hulle gaan plaas toe. Die ander diere is onvriendelik met die lelike eendjie. Die hoenders pik na hom en die hond blaf vir hom.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 19 2012/10/01 11:05 AM

Eendag lank gelede was daar 'n Mamma Eend wat saam met haar gesin op 'n plaas gebly het. Mamma Eend het op sewe eiers in haar nes gesit. Sy het gewag dat hulle moet uitbroei.

Terwyl hy nog huil, kyk hy tussen sy trane af na die water.

Hy sien sy weerkaatsing.
Hy is 'n pragtige swaan.

Een oand besluit die lelike eendjie om weg te loop.

Al die eende spring in die water. Hulle almal swem en speel. Die lelike eendjie swem beter as al die ander eendjies.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 20 2012/10/01 11:05 AM

Die eendjie is baie hartseer.

Hy begin huil.

Mamma Eend neem al haar babba-eendjies na die poel.

Hy staan af riviер toe. Hy sien baie mooi groot voëls wat in die riviер swem. Hulle vere is glad. Hulle het lang nekke. Hulle vlerke is pragtig.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 21 2012/10/01 11:05 AM

Toe begin al die eiers kraak, behalwe een eier. Dit was 'n baie groot eier.

En toe is dit lente. Die son skyn weer en die bome is vars en groen.

Een oggend sien die lelike eendjie weer die pragtige swane.

Op 'n dag is dit winter. Dit sneeu ordals. Die rivier verrys. Die lelike eendjie kry baie koud en is ongelukkig.

Mamma Eend sit en sit op die groot eier. Uiteindelik kraak dit oop. Die laaste babatjie spring daar uit. Hy lyk groot en sterk. Dit is 'n baie lelike eendjie.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 22 2012/10/01 11:05 AM

Ons skryf

Vul die korrekte letters aan die begin van elke woord in sodat die woord by die regte prentjie pas.

_koei		___oël
___oed		___us



Ons doen

Help die eende om by hulle nes uit te kom.



FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 23 2012/10/01 11:05 AM

GESONDHEID EN VEILIGHEID

11 Jan besoek die dokter



Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Ons lees

Jan is vandag siek. Hy moet by die dokter uitkom, want hy het koors en sy keel is seer. Die dokter sê vir Jan om in die bed te bly.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 24 2012/10/01 11:05 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woord wat by die prentjie pas.

skêr



inspuiting

Ons skryf

Kyk na die prentjie. Maak 'n regmerkie ✓ by die sinne wat reg is en 'n kruisie ✗ by die sinne wat verkeerd is.

Anita is by die dokter.	✓	✗
Die dokter sê vir Jan om in die bed te bly.	✓	✗
Daar is baie mense by die dokter.	✓	✗
Jan het koors.	✓	✗
Jan het dokter toe gegaan omdat hy sy hand seergemaak het.	✓	✗
Pam het 'n nuwe pop.	✓	✗

Ons skryf

Skryf 'n boodskap aan 'n siek maat

BINNEKANT VAN DIE KAARTJIE

12 Jan is by die dokter

Ons skryf Nommer hierdie prentjies in die regte volgorde.

Ons doen Teken 'n prentjie op die kaartjie.

Hierdie kaartjie is gemaak deur

Skryf 'n sin oor elke prentjie. Ons skryf

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke.

siek	piek	riet
sak	swart	plas

Woordkis

tken

drink

eet

Ons skryf

Trek 'n streep van elke woord na die korrekte liggaamsdeel. Wys jou maat hoe jy die verskillende dele benoem het.

hare	kop
oog	oor
mond	neus
arm	shoulder
hand	maag
vinger	knieg
been	hak
voet	toon

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 27 2012/10/01 11:05 AM

13 'n Hospitaalbesoek

Ons lees

Ken lê in die hospitaal. 'n Motor het hom van sy fiets afgestamp. Hy het sy been gebreek. Die dokter moet 'n X-straal van sy been neem om te sien waar sy been gebreek is. Sy maats kom besoek hom vandag. Hulle gee hom 'n boek. Die dokter sê aan hulle dat hulle oor padveiligheid moet leer.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 28 2012/10/01 11:05 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woord wat by die prentjie pas.

hospitaal

gips

krukke

verband

nagklere

termometer

Woordkis

agt

elke

val

Ons praat

Waar is Ken?
Was jy al ooit in 'n hospitaal?
Waarvoor?

Ons praat

Praat oor wat hierdie padtekens vir ons sê.

Ons skryf

Kies die regte antwoord.

Wat het Ken seergemaak?	
A	Sy been
B	Sy arm
C	Sy hand

Wat het Ken se maats vir hom saamgebring?	
A	'n Speelding
B	'n Appel
C	'n Boek

Wat het Ken gedoen toe hy seergekry het?	
A	Hy het sokker gespeel.
B	Hy het op sy fiets gery.
C	Hy het boom geklim.

Wat het die dokter gesê moet hulle leer?	
A	Padveiligheid
B	Lees
C	Swem

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 29 2012/10/01 11:05 AM

14 Padveiligheid

Ons rolspeel Dink 'n rollespel uit oor wat met Ken gebeur het.

Ons doen Doen dit wat Anita doen.

Kyk links

Kyk regs

Kyk weer links

As die pad skoon is, kan jy oorstap.

Ons doen Kleur die verkeerslig met hierdie kleure in.





stop

versigtig

stap

Ek stop as die verkeerslig rooi is.
Ek kyk links en dan regs.

Ons skryf Omkring die regte woord in elke sin.

Vandag	was	is	warm.
Gister	was	is	koud.
Vandag	was	is	reënerig.
Gister	was	is	sonnig.

Vandag	was	is	ons gelukkig.
Gister	was	is	hy hartseer.
Vandag	was	is	sy bly.
Gister	was	is	hulle opgewonde.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 30 2012/10/01 11:05 AM

Ons praat

Soek die plakkers vir hierdie padtekens en plak hulle op die regte plekke.
Trek dan 'n streep van elke padteken na die korrekte beskrywing.

kinderoorgang	stop	diere-oorgang	bushalte



toegeeteken	rotsstorting	geen toegang	hospitaal

Ons teken

Teken 'n prentjie om te wys hoe jy by die skool kom.

Ek kom skool toe met die

.....

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 31 2012/10/01 11:05 AM

15 Dit is Jabu se verjaarsdag

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Ons lees

Dit is vandag Jabu se verjaarsdag. Hy is agt jaar oud. Al sy maats is by sy partytjie. Ken gee Jabu 'n rooi vragmotor. Jabu het baie presente. Al die presente het verskillende vorms.
Daar is baie lekker kos wat Jabu en sy maats kan eet. Hulle eet nie te veel lekkergoed nie, want lekkers is nie goed vir jou tande nie.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 32 2012/10/01 11:05 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woord wat by die prentjie pas.

rond

koek

sirkel

lemoen

Woordkis

ver

vinnig

soek

bal

boks

vierkant

silinder

kubus

driehoek

present

Ons skryf

Beantwoord die vrae.

Hoe oud is Jabu?	Jabu is_____jaar oud.
Hoeveel kersies is daar op sy koek?	
Hoeveel het die vragmotor gekos?	R
Hoeveel kinders is daar by die partytjie?	

Ons skryf

Watter vorms het sy presente? Sê vir jou maat wat jy dink dit is.



FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 33 2012/10/01 11:05 AM

16 'n Verjaarsdagkaartjie

Ons lees

Uitnodiging

Beste Jan

Kom asseblief na my partytjie.

Ek word 8

Wanneer: Sondag, 25 Augustus 2013
Tyd: 15:00 tot 17:00
Waar: Groenpark
Bel: Jabu by 102 3225

Van: Jabu

Ons skryf Lees die verjaarsdagkaartjie en beantwoord hierdie vrae.

Wie se verjaarsdag is dit?	
Wanneer is die partytjie?	
Waar is die partytjie?	
Hoe laat is die partytjie?	
Wie moet jy bel?	

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 34 2012/10/01 11:05 AM

Ons skryf Voltooi nou hierdie uitnodiging vir jou verjaarsdag.

Uitnodiging

Beste _____

Kom asseblief na my partytjie.

Ek word _____

Wanneer: _____

Tyd: _____

Waar: _____

Bel: _____

Van: _____

Ons skryf Vul dr, sk, s of rd in om hierdie woorde te voltooi sodat hulle by die prentjies pas.

				
bo_	kaa_	bo__	__ip	__ie

Ons skryf Kies drie prentjies en skryf 'n sin oor elkeen.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 35 2012/10/01 11:05 AM

17 Anita skryf 'n brief

Ons lees

Beste Nomsa

Ek kuier hierdie vakansie by my ouma. Ek mis jou baie. Ek dink die hele tyd aan hoe ons netbal gespeel het en saam boeke gelees het. Ek het 'n nuwe rekenaarspeletjie. Ek sal dit vir jou wys wanneer ek na die vakansie huis toe kom.

Liefde van

Anita

Naam: _____

Straat: _____

Voorstad: _____

Stad: _____

Poskode: _____

Ons skryf

Maak 'n adres vir Nomsa op en skryf dit op die koevert.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 36 2012/10/01 11:05 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woord wat by die plakker pas.

brief

seël

koevert

rekenaarspeletjie

Woordkis

eerste

laaste

vlieg

Loop en praat

Vra jou maats of hulle van hierdie goed hou. Maak 'n regmerkie ✓ by die dinge waarvan hulle hou.

Naam:	Speel rekenaarspeletjies	Lees boeke	Swem

Ons skryf

Lees die verjaarsdagkaartjie en beantwoord dan hierdie vrae.

Wie het die brief geskryf?	
Aan wie het sy dit geskryf?	
Waar was Anita?	
Wat gaan Anita vir Nomsa wys?	
Van watter speletjies hou Anita die meeste?	

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 37 2012/10/01 11:05 AM

18 Skryf 'n brief

Ons skryf

Skryf 'n brief aan jou maat. Vul die ontbrekende woorde in op die plekke wat oopgelaat is.

Beste _____

Ek kuier by _____

Ek mis dit om _____

_____

_____

Wanneer ek by die huis terug is, sal ek jou _____

_____

_____wys.

Jou maat _____

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 38 2012/10/01 11:06 AM

Werk met woorde

Lees die woorde en luister na die klanke. Kies dan vyf woorde om vyf sinne in jou oefeningboek te skryf.

geloop	gebid	gekook
gepraat	geborsel	gebak
gespeel	gedans	gehark

Ons skryf

Kyk na hierdie prentjies en skryf dan vier sinne wat elkeen met die woord "gister" begin. Gebruik die woorde hierbo om jou te help.

Gister het ek saam met my maat gedans .

Gister het ek _____.

Gister het ek _____.

Gister het ek _____.

Ons teken

Kleur die kolletjievorms rooi in om die versteekte woord te sien.



FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 39 2012/10/01 11:06 AM

19 Kry jou pad huis toe

Ons praat

Help Gouelokkies om weer by haar huis uit te kom.
Het jy al ooit verdwaal?
Sê vir jou maat wat jy behoort te doen as jy verdwaal.



Ons doen

Vul jou persoonlike besonderhede op hierdie kaart in. Vra jou ouers of onderwyser om jou te help. Probeer om die inligting te memoriseer.

NAAM:	TELEFOON:
VAN:	POLISIE: 10111
ADRES:	MY VINGER-AFDRUKKE: Gebruik 'n ou lipstiffie of ink en maak hier 'n afdruk van jou linkerduim en jou regterduim. LINKS REGS

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 40 2012/10/01 11:06 AM

Woordkis

bring

bruin

seun

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 41 2012/10/01 11:06 AM

20 Gouelokkies en die drie bere

Ons skryf

Vul die korrekte letters in wat by die prentjies pas.

b e d

_ o ë l

_ e e r



_ a r k

_ o o m



_ o o s

_ e i s i e

_ u i s

Ons skryf

Kies drie prentjies en skryf 'n sin daaroor.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 42 2012/10/01 11:06 AM

Fold on the dotted line

Sy raak aan die slaap.

Fold on the dotted line

Fold on the dotted line

Cut on the solid red line

Bababeer is gelukkig.
Hy het 'n nuwe
maatjie.

Fold on the dotted line

Gouelokkies en die drie bere

Sy proe aan die pap.

Fold on the dotted line

Fold on the dotted line

Cut on the solid red line

Fold on the dotted line

Fold on the dotted line

Die drie bere maak pap.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 44 2012/10/01 11:06 AM

Kom ons gaan stap 'n entjie
terwyl die pap afkoel.

Die pap is baie warm.

Fold on the dotted line

Cut on the solid red line

Fold on the dotted line

Fold on the dotted line

Fold on the dotted line

Groeloklkies sien hulle huisie.

Ek is so honger.
Ek ruik lekker kos.

Wie het van my pap
geëet?

Wie het my pap
geëet? My pap is
alles op.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 45 2012/10/01 11:06 AM

Fold on the dotted line

Cut on the solid red line

Bababeer het nie maatjies nie.

16

Fold on the dotted line

Fold on the dotted line

Fold on the dotted line

Crouelokkies word wakker.
Sy is bang.

12

13

Ons skryf

Vul die korrekte letters aan die begin van die woord in sodat die woord by die regte prentjie pas.

v ark		___ lik
___ ak		___ peld

Ons doen

Help die varkie om by sy kos uit te kom.



FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 47 2012/10/01 11:06 AM

21 Ons kampeer en gaan op 'n naguitstappie

Ons praat

Het jy al ooit in 'n tent geslaap?
Het jy al ooit in die nag gestap?
Wat het jy toe gesien?

kaart

Ons lees

Ons is op 'n skoolkamp. Ons slaap in ons tente en ons maak ons kos oor 'n vuur gaar. Ons gaan stap in die nag. Ons gebruik ons flitse om die pad te verlig. Ons sien baie diere wat in die nag na kos soek.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 48 2012/10/01 11:06 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woord wat by die prentjie pas.

uil



maan

sterre

uil

lamp

flits

vuur

sakmes



koelsak



gasstofie



tent

rugsak

Ons skryf

Waar slaap die kinders?
Wat doen die kinders in die nag?
Wat sien hulle in die nag?

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 49 2012/10/01 11:06 AM

Ons skryf

Vul hierdie woorde in die raampies in.
Trek 'n streep deur elke woord sodra jy dit in die raampies geskryf het.

lek voet vleis netjies sjimpansee

hou voet tande rob was skaap vis wiel kuiken

kap winkel neem skulp boot bos gereg kaas skop eet

kyk baie book wens so middagete skip root baksteen plak

voet	eet	tande	vis
kyk			

winkel	kaas	so	skop

Ons doen

Help die kinders om by hulle tent uit te kom.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 50 2012/10/01 11:06 AM

Ons skryf Kyk na hierdie prentjies en sê vir jou maat wat in elke prentjie gebeur.

Skryf dan een sin oor elke prentjie. Gebruik die woorde wat ons vir jou gee.
Wanneer jy dit klaar gedoen het, lees jou storie aan jou maat voor.

1 Eers

2 Dan

3 Toe

Ons skryf Plak die plakkers op die regte plekke. Voeg dan 'n s of 'n e by hierdie woorde, want elke prentjie wys meer as een ding.

		
appel___	koei___	trekker___
		
eend___	meisie___	seun___

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 51 2012/10/01 11:06 AM

23 Ons maak kos

Ons praat Kyk na die prentjie en gesels oor dit wat die kinders doen.



Ons lees

Ons maak ons aandete. Ons maak koekies om saam met ons tee te eet. Anita en Nomsa maak vleis en mielies gaar. Ons hou daarvan om boontjies, ertjies en wortels te eet.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 52 2012/10/01 11:06 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woord wat by die prentjie pas.



mielies

braai

vleis

kolwyntjies

bak

Ons skryf

Maak 'n lys van al die kos wat jy in die prentjie sien. Skryf dit onder die regte opskrifte.

Vrugte	Groente
appel	

Vleis, vis of hoender	Graan en koring



wors

hoender

vleis

vis

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 53 2012/10/01 11:06 AM

24 Ons maak kos

Ons lees Lees hierdie resep.

Hoe om 'n toebroodjie met grondboontjiebotter te maak.

Wat het jy nodig?

- 2 snye brood
- 2 lepels grondboontjiebotter
- 1 piesang
- 'n Mes en 'n bord

1. Smeer grondboontjiebotter op een kant van elke sny brood.
2. Sny die piesang in dun skyfies.
3. Sit die piesangskyfies bo-op die grondboontjiebotter.
4. Druk die twee snye brood op mekaar.
5. Sny die toebroodjie in vier stukke.
6. Eet dit en geniet dit.

Ons skryf Lees die resep en beantwoord die vrae.



Hoeveel snye brood het jy nodig?	_____ snye.
Hoeveel piesangs het jy nodig?	_____ piesang.
Hoeveel grondboontjiebotter het jy nodig?	_____ lepels.
Watter ander goed het jy nodig?	

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 54 2012/10/01 11:06 AM

Ons teken

Teken die kos waarvan jy die meeste hou.

Ons skryf

Plak die plakkers in wat by die woorde pas. Wys na elke prentjie en sê vir jou maat van watter kos jy hou of nie hou nie. Skryf dan 'n sin en sê of jy van elkeen van hierdie kossoorte hou of nie hou nie.

Sê: Ek hou van ___. Ek hou nie van ___ nie.

lekkers	
vleis	
spinasie	
hoender	
piesangs	
mielies	
appels	

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 55 2012/10/01 11:06 AM

25 Die storm

Ons praat

Kyk na die prentjie en gesels oor wat die kinders doen.



Ons lees

Die bus het vandag sonder ons weggery. Jabu en Jan was op die bus. Ons het agter die bus aan gehardloop, maar ons was te laat. Dit het toe begin reën. Dit het al harder gereën. Ons was baie nat toe ons by die huis kom.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 56 2012/10/01 11:06 AM

Doen hierdie woordsomme deur die twee prentjies saam te voeg.

Ons skryf

koppie	+	speld	=	koppiespeld
	+		=	
	+		=	
	+		=	
	+		=	

Ons skryf

Kyk na die prentjies op die teenoorstaande bladsy en sê dan vir jou maat wat in elke prentjie gebeur het. Gebruik die woorde wat ons vir jou gee.

1. Eers
2. Dan
3. Toe
4. Aan die einde

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 57 2012/10/01 11:06 AM

26 Dinge wat ons doen

Ons skryf

Vul die regte voornaamwoorde in. Gebruik hierdie woorde om die sinne te voltooi.

Hy | Sy | Dit | Hulle | Ons

__Hy__ het met die bus huis toe gegaan

_____ het van die skool af huis toe gestap.

_____ het in die reën nat geword.

_____ het saam met die kinders gehardloop.

_____ is beste maats.

_____ wag vir die bus.

Ons skryf

Skryf oor 'n keer toe jy in 'n storm beland het.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 58 2012/10/01 11:07 AM

Ons skryf

Skryf hierdie woorde in die regte volgorde om sinne te maak.

reën dit	
nat ek is	
het weggery bus die	

Ons skryf

Kies die korrekte letters en vul dit dan aan die begin van die woord in sodat die woord by die regte prentjie pas.

pr bl sl vi ki

p r uim		__ __ang
__ __ant		__ __ou
__ __ue		__ __ins
__ __okkies		__ __ap
__ __aap		__ __ok

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 59 2012/10/01 11:07 AM

27 Ons gaan sirkus toe

Ons praat

Kyk na die prentjie en praat oor dit wat die kinders doen.

Ons lees

Ons het Saterdag sirkus toe gegaan. Ons het baie diere gesien. Die narre was snaaks. Die rob was ook snaaks. Daar was 'n bal bo-op sy neus. Ons het springmielies geëet en lemoensap gedrink. Ons het baie pret by die sirkus gehad.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 60 2012/10/01 11:07 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woord wat by die prentjie pas.

leeu

rob

springmielies

olifant

spookasem

kaartjies

tent

nar

Ons skryf

Waarheen het hulle gegaan?
Wanneer het hulle gegaan?
Wat het hulle gesien?
Wat het hulle geëet en gedrink?

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 61 2012/10/01 11:07 AM

28 Ons gaan sirkus toe

Ons skryf Plak die plakkers op die regte plekke om 'n plakkaat van 'n vrolike sirkus te maak.

VROLIKE SIRKUS

Kom kyk na die leeus, robbe, olifante en narre.
Koste: R5.00 vir volwassenes en
R2.00 vir kinders. Tyd: 2-uur
Datum: 12–16 Oktober
Kom eet en drink: Springmielies,
skyfies, spookasem en sap

Ons skryf Lees die plakkaat en beantwoord die vrae.

Wat is die sirkus se naam?
Hoeveel moet kinders betaal?
Hoe laat begin die sirkus?
_____, _____, _____ en _____.

Ons lees

Lees die storie oor hoe die olifant sy lang slurp gekry het.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 62 2012/10/01 11:07 AM

'n Olifant en sy slurp

Die olifant se kind trompetter deur die oerwoud. Hy sing vir homself deur sy slurp. Hy het nooit weer lawwe vrae gevra nie. En dit is hoe die olifant sy slurp gekry het.

"Verskoon my," sê die olifant se kind vriendelik, "weet jy wat 'n krokodil vir aandete vreet?"

Hy het nog nooit vanteevore 'n krokodil gesien nie.

"Kom hier, kleintjie, en ek sal jou sê. Ek is 'n krokodil en ek dink ek gaan olifant se kind vandag vir aandete opvreet."

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 63 2012/10/01 11:07 AM

Hy vra: "Wat vreet 'n krokodil
vir aandete?"
Niemand antwoord hom nie.
Toe besluit hy om self uit te
vind.

Die krokodil gryp die neus van die olifant
se kind tussen sy skerp tande vas en
begin trek. Die olifant se kind strek sy
vier bene wyd uitmekaar en trek en trek
terug. Terwyl hy daar staan en trek,
begin sy neus al langer en langer, en nog
langer word.

Sy maats was so beïndruk dat hulle
almal na die oewer van die rivier geloop
het om vir hulle neuse by die krokodil te
gaan kry.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 64 2012/10/01 11:08 AM

'n Nuuskierige baba-olifant vra
'n kameelperd waarom sy vel vol
vlekke is.

Die krokodil los uiteindelik die olifant
se neus met 'n pardoems! Almal langs
die rivier hoor dit. Die olifant se kind
gaan sit iewers en wag drie dae lank
dat sy neus moet krimp. Dit word glad
nie korter nie.

As die son warm skyn, kan hy hom met
sy slurp lekker natspuit.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 65 2012/10/01 11:08 AM

Hy vra 'n leeu waarom hy soveel hare het.

Hy wys sy maats wat hy alles met sy slurp kan doen. Hy kan nou die sappigste blaartjies van die hoogste takke afpluk.

Hy vra 'n seekoei waarom sy oë rooi is.

Hy neem toe 'n besluit om huis toe te gaan. Terwyl hy loop, swaai hy sy nuwe slurp uitgelate heen en weer.

FAL Afrikaans Gr2-B2.indb 66 2012/10/01 11:08 AM

Ons skryf

Vul die ontbrekende woorde in.

in | op | langs | onder | voor

Die bal is ___op___ die rob se neus.

Die leeu is _____ die hok.

Die mense is _____ dis tent.

Die narre is _____ die tent.

As dit warm is, sit ons _____ die boom.

Die nar is _____ die bal.

Ons skryf

Vul een van hierdie woorde in om die sinne te voltooi.

vinnig | stadig | groot | klein | lank | mooi

Die vliegtuig is _____.

Die boot is _____.



Die boom is _____.

Die muis is _____.

Die slang is _____.

Die meisie is _____.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 67 2012/10/01 11:08 AM

29 Dit is amper Kersfees



Ons lees

Kyk na die prentjie en gesels daaroor.

Ons praat

Kersfees word elke jaar op 25 Desember gevier. Ons gaan kerk toe op Kersdag. Ons sing Kersliedjies. Ons maats kom kuier by ons. Ons eet lekker kos en gee presente aan ons familie. Ek hoop ek kry ook 'n mooi present.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 68 2012/10/01 11:08 AM

Ons doen

Plak die plakkers op die regte plekke. Trek dit na en sê dan die woord wat by die prentjie pas.

ster

versierings

presente

Kersboom

presente



kers

krans

speelgoed



kerk

Januarie | Februarie | Maart | April | Mei

Junie | Julie | Augustus | September | Oktober

November | Desember

Ons skryf

Vul die maande hieronder in.

Kersfees is in	
My verjaarsdag is in	
My maat se verjaarsdag is in	
Die wintermaande is	
Die lente begin in	

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 69 2012/10/01 11:08 AM

30 Maak 'n Kerskaartjie

Ons skryf

Kyk na die prentjie en skryf vyf sinne daaroor.

Ons skryf

Plak die plakkers van die vier seisoene op die regte plekke. Trek dan 'n streep om elke byskrif met die regte plakker te verbind.





Dis **somer** en ons swem en speel buite.
Dis **winter** en dit is baie koud.
Dis **lente** en die blomme groei.
Dis **herfs** en die blare val af.





FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 70 2012/10/01 11:08 AM

Ons doen

Verbind die kolletjies om die prentjie te voltooi.



Maak 'n Kerskaartjie vir iemand spesiaals.
Skryf 'n spesiale boodskap. Teken dan 'n prentjie voor op die kaartjie.
Jy kan van die plakkers gebruik om jou kaartjie te versier.

Ons skryf

31 Kersfees

Ons skryf Skryf 'n kaartjie aan jou onderwyser om dankie te sê dat sy so 'n goeie onderwyser is.

Ons teken Teken 'n prentjie op die kaartjie. Jy kan ook plakkers gebruik om jou kaartjie te versier.

Hierdie kaartjie is gemaak deur:

Ons sing

Sing 'n liedjie wat jy in die Kerstyd sing. Sing dit in jou eerste taal. <moedertaal??> As jy nie Kersfees vier nie, sing dan 'n liedjie wat julle sing op een van die spesiale dae wat julle vier.

Sing nou hierdie Kersliedjie.



O, die goeie tyding

O, die goeie tyding, o, die blye tyding –
helder klink dit met Kersfeestyd:
Diep was ons verlore, Christus is gebore.
Juig dan, almal, jubel oor die saligheid!

O, die goeie tyding, o, die blye tyding
Kom met krag in die Kersfeestyd:
Hy, die Hemelkoning, maak by mense woning –
Hy gebore in die volheid van die tyd!

O, die goeie tyding, o, die blye tyding –
Oral hoor ons: Dis Kersfeestyd.
Blye jubelkore loof die Kind, gebore.
Juig nou mensdom, prys Hom tot in ewigheid!
(Lied 344, vers 1, 2, en 3)Me and my drum.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 73 2012/10/01 11:09 AM

32 Feesvierings

Ons praat

Watter ander spesiale dae vier het ons hierdie tyd van die jaar? Het julle maats wat ander spesiale dae vier? Hoe vier hulle hierdie dae?

Ons teken Teken 'n prentjie van jou gunsteling-feesviering.

Ons skryf Skryf 'n sin oor jou gunsteling-feesviering.

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 74 2012/10/01 11:09 AM

Advent-kalender

Bladsy A

Maak 'n Advent-kalender

1. Knip die "deurtjies" (op bladsy A) op die soliede lyne uit. Plak dit so op bladsy B dat jy die ooreenstemmende getalle bedek. Maak seker jy smeer gom net daar waar dit aangedui word.

2. . Maak elke dag in Desember een deurtjie oop. Tel die dae so af totdat Kersdag kom.

Kerskaartjies

Knip die Kerskaartjies op die stippellyne uit.

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

GOM HIER

Advent-kalender

Bladsy B

Aan: _____

Gelukkige Kersfees

Van: _____

Aan: _____

Gelukkige Kersfees

Van: _____

1
GOM HIER
engel
11
GOM HIER
kite
12
GOM HIER
liggies
7
GOM HIER
goud
8
GOM HIER
ho ho ho
22
GOM HIER
Kersfees
3
GOM HIER
lekkergoed
15
GOM HIER
persente
17
GOM HIER
reënboog
9
GOM HIER
igloe
6
GOM HIER
fluit
4
GOM HIER
dove
2
GOM HIER
bal
20
GOM HIER
vuvuzela
18
GOM HIER
sterre
21
GOM HIER
wens
23
GOM HIER
yo-yo
24
GOM HIER
sebra
5
GOM HIER
elfie
19
GOM HIER
trein
16
GOM HIER
koningin
10
GOM HIER
jewele
14
GOM HIER
lemoen
13
GOM HIER
maan

woordeboek

FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 78 2012/10/01 11:09 AM

woordeboek



FAL Afrikaans Gr2 B2.indb 79 2012/10/01 11:09 AM

1 2 3 4 5

20 6

19 7

18 8

17 9

16 10

15 14 13 12 11

Mooi so!

Jy kan baie dinge doen ...

Naam: _____

Datum: _____